Justice and Peace
A Department of the Souther African Catholic Bishops' Conference

The Jesuit Institute South Africa

Catholic Parliamentary Liaison Office

# DIE 2019 ALGEMENE VERKIESING



"Ek moet my bes doen sodat hulle goed regeer, en ek moet my bes doen deur aan die politiek deel te neem in ooreenkoms met my vermoë. Politiek, volgens die Sosiale Leerstelling van die Kerk, is een van die hoogste vorms van liefde, omdat die gemeenskaplike goed hierdeur gedien word. Ek kan my skouers nie net in onskuld optrek nie ..."
***Pous Franciskus***

## Jy kan nie stem as jy nie as 'n kieser geregistreer is nie!

**Hoe registreer ek?** Die Verkiesingskommissie bied 'n registrasie naweek op 26 en 27 Januarie aan. Alle stemlokale sal dan oop wees en die personeel sal aanwesig wees om jou te help om te registreer.

**Wat moet ek saamneem om te registreer?** U strepies-kode ID, of die nuwe slimkaart ID, of 'n geldige Tydelike Identifikasie Sertifikaat.

**Hoe bevestig ek of ek reeds geregistreer is?** Die maklikste manier is om die IEC webblad aanlyn by www.elections.org.za/content/ te besoek en jou inligting te bevestig. Andersins, stuur 'n SMS met jou ID nommer na 32810 (R1.00 per SMS); of besoek u naaste stemlokaal gedurende die registrasie naweek.

**Wat doen ek as ek nie op 26 of 27 Januarie kan registreer nie?** Jy kan enige tyd by enige plaaslike IEC kantoor registreer. IEC kantore is landwyd beskikbaar. Kyk op die IEC webblad of skakel hulle by 0800 11 8000 om uit te vind waar die kantoor naaste aan jou is.

**Kan ek registreer as ek nog nie 18 is nie?** Ja, sodra jy 16 geword het, en 'n ID het, kan jy registreer. Dit is raadsaam om sodra jy 'n ID kry, dadelik te registreer sodat jy as jy 18 word, dadelik kan stem.

## *Wat help dit tog om te registreer om te kan stem? Dit lyk nie asof verkiesings enige verandering teweegbring nie…*

Ons voel almal van tyd tot tyd negatief oor die politiek.

Almal rondom ons sukkel, gewone Suid-Afrikaners moet heeltyd werkloosheid, misdaad, armoede, gebrekkige skole, oorvol hospitale en 'n onsekere toekoms, in die gesig staar. En ja, te veel van ons politici blyk net geïnteresseerd te wees om mag te bekom en nie om die volk te dien nie. Jy en ek, moet nie ophou werk vir 'n beter land nie...

## *Wat moet ons antwoord wees?*

Een ding is verseker: as ons ons rug op die politiek draai, as ons ons reg en plig om te kan stem net so weggee, sal dinge definitief nooit verbeter nie. Jou stem KAN 'n verskil maak. Die regte persone en partye kan tot die Parlement verkies word; eerbare politici kan gesteun word, en die vrot-appel politici kan dalk tot beter diens geskok word.

Pous Franciskus herinner ons: "Politiek is 'n edele aktiwiteit. Ons behoort dit opnuut te ondersoek en te beoefen met oortuiging en toewyding, wat getuienis en martelaarskap vereis – dit wil sê, 'n bereidwilligheid om vir die gemeenskaplike doel te sterf."

In die verlede was daar soveel Suid-Afrikaners wat bereid was om "vir die gemeenskaplike doel" te sterwe; genadiglik word dit van baie min nou vereis. Maar ons word ALMAL geroep om te doen wat binne ons vermoë is – en wat wel in ons almal se vermoë is, is om seker te maak dat ons stem. Met omsigtigheid en in 'n gees van gebedsvolle oorweging.

**Verseker dat jy betyds geregistreer is om te kan stem!**
Vir meer inligting ten opsigte van kiesersregistrasie en die nuutste inligting omtrent verkiesings, besoek die IEC webblad: www.elections.org.za



"Elkeen van ons het die reg en plig om deel te neem aan die lewe van ons land. Enige verkiesing is 'n ideale geleentheid vir ons om ons Godgegewe waardigheid uit te oefen en om te kies wie ons wil hê moet regeer vir die gemeenskaplike doel – moet nie agtergelaat word nie, verseker dat jy geresisteer is om te kan stem." - ***Biskop Sithembele Sipuka, President van die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie***

Hierdie pamflet is met die steun van die Hans Seidel Stigting daargestel.

Hanns Seidel Foundation

CIVICS ACADEMY
cultivating democracy through civic education
www.civicsacademy.co.za